
Berg-en-Dal

# Feesdiens op Paassondag

## Sondag, 9 April 2023




*(grafika: The Catholic Toolbox)*

**"Jesus sê vir haar: 'Moenie My langer vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader opgevaar nie. Maar gaan na my broers en sê vir hulle:**
**'<u>Ek vaar op na my Vader, en julle Vader, na my God en julle God</u>.'**
**Maria Magdalena gaan vertel toe aan die dissipels: 'Ek het die Here gesien', en dat Hy hierdie dinge aan haar gesê het."**
(Johannes 20:17-18)

**Ons verwelkom u by ons erediens.**
Die diens volg die liturgie soos hierna uiteengesit – geen aankondigings dus.
Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke, sou u een benodig – u kan solank die Skrifgedeeltes en liedere vir vanoggend se diens daarin opsoek.

MAAK ASSEBLIEF SEKER DAT U SELFOON STIL GESTEL IS.

**Weer onthou ons... die lyding, kruisiging en opstanding van Christus**

Ons kom vanoggend aan die einde van vanjaar se Groot Lydensweek en Paasgebeure; 'n liturgie wat **Donderdagaand** met die Laaste Avondmaal begin het en waarin ons diepste vrae en verlange na God opgeneem is; waardeur ons sáám kon bid en waartydens ons voor ons oë die gebreekte brood en die wynkelk kon sien en proe; **Vrydagoggend** te midde van 'n kruisverhoor, hamerslae en die spotstemme op Golgota die Sewe Kruiswoorde kon hoor en weer ná-bid... 'n Liturgie rondom Jesus se woorde aan Nikodemus en die dissipelkring:

*"En dit is die ewige lewe: Dat hulle U ken, die enigste ware God, en ook Hom wat U gestuur het – Jesus Christus."*
(Johannes 17:3).

**Stille Saterdag** is die middelste dag van hierdie Paastriduum, deur die Amerikaanse Metodiste-predikant Jan L Richardson beskryf as *"... a day of waiting, remembering to breathe, willing ourselves to turn to one another when grief lays hold of us. It is a day to open ourselves to the One who goes into the places of deepest pain and darkest fear, in order to bring us out."*

**Vanoggend** roep ons dit alles weer voor die geestesoog. Om dan – op die boodskap van die engel en die vroue – op te staan vir 'n loflied! Die Opgestane Een, Eersteling uit die dood, se groet te hoor: "Vrede vir julle!" En te ontdek: Ons het sy broers en susters geword; ons het sy Vader – ons God – só leer ken...

**Klokgelui**

## HERINNERING

| | |
|---|---|
| **Eerste Skriflesing:** | Johannes 3:16, 14:6-7 en 17:3 |
| **Gebedslied:** | Lied 329 (x 2 - sittend) |
| **Tweede Skriflesing:** | Johannes 15:9-10 en 12-13 |
| **Gebedslied:** | Lied 391:4 (sittend) |
| **Derde Skriflesing:** | Johannes 18:37-38 |
| **Gebedslied:** | Lied 388:1 (sittend) |
| **Sewe Kruisgebede:** | Lukas 23:34<br>Lukas 23:43<br>Johannes 19:26-27<br>Matteus 27:46<br>Johannes 19:28<br>Johannes 19:30<br>Lukas 23:44 en 46 |

**Gebedslied:** "Ave Maria" – Solis: Mathildie Thom-Wium
(F Schubert)

**Vyfde Skriflesing:** Johannes 20:1-8

**Voorlesing:** "Paassondag" (Sheila Cussons)

"Hoe haas die voet, hoe gloei die bloed
hoe hardloop hulle want dis alles waar
hoe hardloop hulle soos Hy beloof het
hoe hardloop hulle Hom tegemoet."

**Vroue bring die boodskap...**

**Lof aan God:** "Laudamus te" – Solis: Mathildie Thom-Wium
(Uit: "Gloria", Antonio Vivaldi)

## AANBIDDING

**Votumgebed:**
(uit Psalm 103)

Liturg: "Loof die Here, o my siel,
ja alles wat in my is,
loof sy heilige Naam!"

Gemeente: "Hy wat al my sondeskuld vergewe,
wat al my siekte genees,
wat my lewe vrykoop van die graf,
wat my kroon met troue liefde en ontferming!"

Liturg: "Barmhartig en genadig is die Here,
geduldig en oorvloedig in troue liefde.
So hoog as wat die hemel bo die aarde is,
so troon sy troue liefde uit bo dié wat vir Hom ontsag het."

Gemeente: "Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders,
so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.
Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons."

**Seëngroet**

Liturg: "Die Heer het opgestaan!
Vrede vir julle!"
Gemeente: "Die Here het waarlik opgestaan!"

**Lofprysing:** "Ons loof U, Vader op die troon!" (Lied 406:1, 2, 3 & 4 - staande)

## VERKONDIGING

**Gebed om die opening van die Woord**

**Sesde Skriflesing:** Johannes 20:11-18

**Prediking**

**Danklied:** "Die Heer, die Heer het opgestaan!" (Lied 422:1 en 2 - staande)

## VIERING

**Doopbediening**

**Gebedslied:** "My enigste troos" (Lied 292:1 en 2)

**Offergawe & orreltussenspel**

## UITSENDING

**Slotlied:** "Hoor jy die Paasfeesklokke" (Lied 409:1 en 3 – staande)

**Seënbede**

**Naspel:** "Halleluja"
(Uit: "Die Messias" – GF Handel)

Ons opregte dank vir 'n geseënde Paasviering gaan aan almal wat op een of ander manier meegewerk het aan ons eredienste – en in besonder, aan:

Johan Cromhout (orrelis).
Mathildie Thom-Wium (sopraan), Paul Loeb van Zuilenburg Jr (viool), Anmari van der Westhuizen (tjello), Elize en Paul Loeb van Zuilenburg Sr (hobo en trompet).
Janke Hurter, Elsabé en Ludwig de Jager, en Jacques van Wyk (voorlesers).
Vroue en helpers vir die uitdoof van die kerse, die stroping en voorbereiding van die liturgiese ruimte; Maryna Spies en Colette du Plessis vir die blomme;
Wyke 3 en 4, Germarie Adendorff en Anne-Marie Herbst vir die tee en paasbroodjies.
Maryna Spies en die ouderlinge aan diens; Jacques Potgieter en die Diakonie.
Ampie Human (terreinbestuurder), Rachelle en Ebeth Wilson (klank), RW Adendorff vir die regstreekse uitsendings en Marthina van Zyl vir logistieke hulp.

Ons nooi jou uit om nou ná die erediens, 'n koppie tee en Paasbolletjie in die binnehof te kom geniet. Mag jy en jou geliefdes 'n geseënde rusdag en Paastyd verder beleef.

**<u>Herinnering aan die doopgenade</u>:**

Gemeente,

Vanoggend is die doop van klein Wilmien Greyling vir ons ‘n bevestiging van die Paasboodskap: Van ‘n oop graf en nuwe lewe, van vrede, van die uitkringende genade van God, deur eeue heen tot by ons...
God se woorde aan Abraham was: *“Ek verbind my aan jou en jou nageslag vir ewig... Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag”* (Gen. 17:7).
As teken van daardie verbintenis, die besnydenis en Pasga.
In die persoon en werk van Christus – sy lyding, sterwe en opstanding – is daardie verbintenis vernuwe en het Jesus die doop en die nagmaal as tekens gegee dat sy Woord vir ons waar en geldig is, vir altyd. Sy opdrag – Matteus 28: *“Gaan na al die nasies toe, maak die mense my dissipels, doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou en te doen soos Ek júlle geleer het...”* (Mat. 28:19-20a).
Die doop is dus ‘n teken wat ons <u>laat onthou</u> én ‘n seël wat ons verseker dat dié beloftes van God – “Ek sal vir jou ‘n God wees” – vir ons en ons kinders is.

Die doop laat ons <u>onthou</u>:

- dat God Hom vanoggend **as Vader** aan klein Wilmien verbind;
- God het haar lief en sy behoort aan die Here;
- Hy sal op haar pad vorentoe al die voorregte van hierdie verbintenis aan haar gee – Sy sorg, beskerming en seën...

Die doop laat ons tweedens onthou:

- dat God Hom vanoggend **as Verlosser** – in Christus – aan hierdie dogtertjie verbind;
- deur die kruis van Christus skenk God aan haar vergifnis van sonde en nuwe lewe;
- deur Christus lei Hy haar op die weg na sy koninkryk;
- en word Wilmien ook deel van die liggaam van Christus op aarde, die gemeenskap van gelowiges, Sy Kerk, ons...

En die doop laat ons derdens onthou:

- dat God Hom vanoggend **as Vertrooster** – deur sy Heilige Gees – aan Wilmien verbind;
- God wil in haar woon, sodat sy hoe langer hoe meer die beeld van God sal vertoon, en in liefde, vertroue en dankbaarheid teenoor Hom en haar medemense sal leef.

Al verstaan Wilmien nog nie die betekenis hiervan, verander dit niks aan die geldigheid van God se beloftes aan haar nie – trouens, dit beklemtoon juis die feit dat God ook in haar geval die inisiatief neem en Hom aan hierdie kleintjie verbind, nog voordat sy kon kies of vra; God ken haar al van voor haar geboorte; God het haar oneindig lief; God gaan verder met haar mee...
Maar dit roep julle as ouers en grootouers, ons as gemeente en gemeenskap op om só te leef dat ons kinders die weg na die koninkryk van God sal kan vind...

**Oproep aan ouers:** Pieter en Anine Greyling (Yorkweg)
**Getuienis van die doopouers**

Beste Pieter en Anine,

Ons het daaroor gesels, en julle het nou weer gehoor wat die doop beteken – ons wil graag hoor of julle dit glo?

- Eerstens, **glo julle dat ons kinders in Christus aan God behoort**, en dat hulle daarom gedoop word as lidmate van sy gemeente, al deel hulle nét soos ons in menslike gebrokenheid en ons geneigdheid tot sonde?
- Tweedens, **glo julle dat die weg van verlossing**, die weg na die koninkryk soos in die Ou en Nuwe Testament beskryf word en in ons geloofsbelydenis saamgevat is, vir klein Wilmien die weg na verlossing en lewe is?
- Derdens, **belowe julle dat julle** as ouers van hierdie dogtertjie, haar van dié weg, dié lig en dié koninkryk sal vertel en laat onderrig, deur jul woorde en jul voorbeeld?

Wat is julle antwoord?

**Wilmien word ingebring, grootouers en Reinders na vore...**

**Geloofsbelydenis**

**Doopbediening**

**Oorhandiging van Bybel en doopsertifikaat...**

**Lied 287:2 en 4**